



KMDR

Kerklīke Maatskaplīke Diensteraad

☎ 13528
Hatfield
0028


Nuusbrief

Jaargang 3 Nummer 1

April 2008

Inleiding

Hierdie nuusbrieff word grootliks gewy aan die implementering van die **nuwe Wet op Kindersorg**. Die inligting is baie belangrik en Lidorganisasies word versoek om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verspreiding van die inligting binne hulle organisasies.



Wette is goedgekeur

Die Wysigingswet op Kindersorg is in Maart 2008 deur die Staatspresident onderteken. Dit beteken dat



beide wette nou onderteken en derhalwe ampelik is. Die wet sal waarskynlik nou in regsgringe bekend staan as die **Wet op Kindersorg (2005) soos gewysig**.

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is besig om 'n implementeringsplan vir die Wet te ontwikkel en die implementering van die wet volgens die plan sal binnekort begin.

Konsep-Regulasies

Die konsep-regulasies vir die Wet op Kindersorg, soos gewysig, is voltooi en dit sal waarskynlik in Mei 2008 gepubliseer word vir kommentaar. Ek probeer 'n kopie daarvan voor die tyd bekom en sal dit sirkuleer sodra ek dit ontvang het.

In hierdie uitgawe:

1. Inleiding
2. Wette is goedgekeur
3. Konsep-Regulasies
4. Konferensie oor die implementering van die wet
5. Nasionale Forum vir die Beskerming van Kinders
6. Implementeringsprosesse
7. Opleiding
8. Konsepwet insake die voorkoming en behandeling van middelafhanklikheid
9. Vigsforum van die NG Kerk-familie
10. Nasionale Gesinsbeleid
11. KMDR Jaarvergadering en Konferensie
12. Sentrums van Hoop

Konferensie oor die implementering van die wet



Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling reël 'n konferensie oor die implementering van die Wet op Kindersorg op 27 – 29 Mei 2008 te Birchwood Hotel, Boksburg. Die konferensie maak deel uit van die aktiwiteite van die Kinderbeskermingsweek. Die

Blaai om asb

Vervolg van bladsy 1

uitnodiging sal na al die nasionale organisasies wat by die beskerming van kinders en kindersorg betrokke is, gestuur word. In die geval van die KMDR beteken dit dat beide die KMDR en BADISA uitnodigings sal ontvang aangesien BADISA ook as 'n nasionale organisasie befonds word. Die uitnodigings word ongelukkig beperk tot twee persone per organisasie.

Benewens die nasionale organisasies is die provinsiale departemente vir Maatskaplike Ontwikkeling versoek om 'n afvaardiging van tien persone uit elke provinsie te stuur. Die provinsies kan self besluit oor die samestelling van die afvaardiging. Lidorganisasies behoort so gou moontlik met hulle provinsiale departemente te skakel om hulleself aan te meld om deel van die afvaardiging te wees.

Die ander staatsdepartemente wat met die beskerming van kinders werk gaan ook na die konferensie genooi word bv Onderwys, Justisie, SAPD, Gesondheid, ensovoorts.

Die finale program van die konferensie word tans beplan, maar die doel van die konferensie is om die implementering van die Wet te bespreek asook om die knelpunte wat voorsien word, op die tafel te kry. By die beplanningsvergaderings is byvoorbeeld die tekort aan bronne (mense, geld en infrastruktuur) reeds geopper. Ander sake wat geopper is, is onder andere opleiding en die evaluering van die implementering asook die impak van die wet.

Nasionale Forum vir die Beskerming van Kinders



In die Wet op Kindersorg word voorsiening gemaak vir die ontwikkeling

van 'n uniforme benadering wat gemik is op die koördinerings en integrering van die dienslewering aan kinders (Art 4 en 5).

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling voorsien dat nasionale en provinsiale forums hierdie funksie sal vervul. Die eerste vergadering om die nasionale forum te beplan, is op 10 – 11 April 2008 gehou. Dit het gou duidelik geword dat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling die forum as 'n baie belangrike instrument beskou vir die implementering van die wet en ook om al die relevante sake rakende die beskerming van kinders op die agenda te kry. Die departement erken ook die belangrike rol wat die kerk speel, nie net as dienslewering agent nie, maar ook as 'n samelewingsinstelling wat 'n belangrike rol kan speel in die beskerming van kinders.

Implementeringsprosesse

In die implementering van die Wet op Kindersorg word verskillende prosesse voorsien wat soms gelyktydig sal verloop. Sowel die nasionale departement as die provinsiale departemente van Maatskaplike Ontwikkeling is tans besig om implementeringsplanne op

te stel. Die Departement voorsien dat die ander vennote soos welsynsorganisasies mettertyd ook implementeringsplanne sal moet voorberei. Die doel van die planne is onder andere om beter koördinerings en integrering van dienslewering te verkry. Die ander doel is om vas te stel wat nodig is en die koste van die implementering te bereken.

'n Ander proses wat saamhang met die implementering

is die kostebepaling van verskillende programme en prosesse. Tans is 'n proses aan die gang om 'n nasionale raamwerk en strategiese plan vir die voorkoming en bestuur van kinderverwaarloosing, -misshandeling en uitbuiting se koste te bepaal. 'n Proses om 'n nasionale beleid vir kinders wat op straat woon en werk te finaliseer en die koste daarvan te bepaal is ook aan die gang.

Blaai om asb



Vervolg van bladsy 2

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is ook besig met die finale beplanning van 'n groot navorsingsprojek wat binnekort sal begin. Die navorsing het ten doel om 'n waarnemingsstelsel ("*surveillance system*") te vestig wat die ontwikkeling van beleid en programme insake die beskerming van kinders sal kan informeer. Die navorsing sal binnekort begin.

Daar is ook navorsing aan die gang om die implementering van groep pleegsorg ("*cluster foster care*") te ondersoek en Lid-organisasies wat reeds sulke projekte aan die gang het moet my asseblief dadelik laat weet aangesien die Departement die projekte wil betrek by die navorsing.

Opleiding



Die implementering van die Wet op Kinder-sorg bring ook die behoefte aan opleiding na vore. In die verband is

daar reeds konsultante (maatskaplike werkers) wat kursusse begin bemark.

Die KMDR Bestuur oorweeg tans om 'n interne konferensie/werkwinkel aan te bied wat die Lidorganisasies kan toerus om in hulle organisasies opleidingsgeleenthede te fasiliteer. Die Bestuur is van mening dat daar by so 'n interme opleidingsessie ook aandag gegee behoort te word aan die implementering van die wet en watter aanpassings in organisasiebeleid nodig mag wees. Om die rede beplan die Bestuur om met die kursus te wag tot na die konferensie in Mei 2008.

Lidorganisasies is egter nie gebind aan die beplanning van die KMDR nie en het die vryheid om self opleidingsgeleenthede vir hulle personeel te reël as hulle dit verkies.


KONSEPWET INSAKE DIE VOORKOMING EN BEHANDELING VAN MIDDEL-AFHANKLIKHEID



Die KMDR kantoor het onlangs die konsepwet insake die voorkoming en behandeling van middelafhanklikheid aan julle gestuur. Die projeknommer van die konsepwet is B12-2008.


Die advertensie waarin die publiek uitgenooi word om op die konsep-wet kommentaar te lewer, het op Sondag, 20 April 2008 in die Sondagpers verskyn.

Dit staan Lidorganisasies vry om individueel kommentaar te lewer en/of die kommentaar aan ons te stuur.



VIGSFORUM van die NG Kerk-familie

Die eerste vergadering van die Vigsforum het op 28 en 29 Februarie 2008 plaasgevind. Die Forum het besluit dat baie moeite gedoen met word om soortgelyke forums in die sinodale gebiede te vestig. Dit is ook vir die Forum duidelik dat daar groter samewerking tussen die Forum en die KMDR moet wees. Die Forum het ook besluit om deel te wees van 'n poging van die *Religious Sector Task Team on HIV and Aids* om 'n befondsingsaansoek by die Global Fund in te dien. Die aansoek word tans gefinaliseer. Die KMDR sal die Lidorganisasies wat projekvoorstelle ingedien afsonderlik op hoogte hou van die vordering.



NASIONALE GESINSBELEID

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling het verlede jaar 'n konsep Nasionale Gesinsbeleid aanvaar. Die dokument is 'n uitvloeisel van navorsing wat in 2002 na die stand van die gesinslewe in Suid-Afrika gedoen is. Die resultaat van die navorsing is gepubliseer onder die titel *"Describing the structure and needs of families in South Africa: Towards the development of a National Policy Framework for Families"*. 'n Internasionale konferensie oor die gesinslewe het ook in 2004 plaasgevind. 'n Deklasie insake die gesin het by die konferensie ontstaan. Die eerste konsep-beleid is in 2005 opgestel. Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is tans besig met 'n proses om die koste van die finale konsep-beleid te bepaal.

Die uitgangspunt waarop die beleid rus is dat die gesin die kernstruktuur in die samelewing is. Deur die jare het die struktuur van die gesin verskeie verskuiwings ondergaan. Die beleid poog om die diversiteit van gesinstrukture in ag te neem en 'n nuwe definisie van "gesin" te ontwikkel. Verder poog die beleid om 'n

koördinerende en oorhoofse funksie te vervul: *"This Policy seeks to coordinate all activities and efforts by various government departments and civil society to empower, care, support and protect families."* Hieruit blyk dit duidelik dat die beleid vir die beplanning van kerklike maatskaplike dienste baie belangrik is.

Tot dusver was die KMDR nie baie betrokke by die proses nie. In die kerklike struktuur is die bevordering van gesonde gesinne grootliks op die sakelys van die Diensgroep: Gemeente-ontwikkeling. Die Uitvoerende Beampte is egter genooi om insette te maak in die koste-berekeningsproses van die Departement en dit het die geleentheid gebied dat die KMDR nader kontak met die nuwe direktoraat: gesinne binne die Departement kon maak. Die KMDR wag op 'n elektroniese kopie van die finale konsep-beleid en onderneem om dit so spoedig moontlik aan die Lidorganisasies te stuur.

Wat die kosteberekeningsoefening aanbetref is daar nog onduidelikheid oor hoe die Departement die proses wil bestuur en watter inligting nodig is. Sodra meer inligting beskikbaar is, sal die Lidorganisasies hieroor verder ingelig word.

KMDR JAARVERGADERING EN KONFERENSIE

Die Jaarvergadering van die KMDR sal op **31 Julie 2008** gehou word. Tydens die Konsultasie is besluit dat 'n konferensie die Jaarvergadering vooraf sal gaan. Lidorganisasies word versoek om assebleif nou reeds van die datum kennis te neem en seker te maak dat hulle verteenwoordiger hieroor ingelig is.

Met vriendelike groete

Willie van der Merwe
UITVOERENDE BEAMPTE

Kinders is geskep om te vlieg, maar hulle het wind nodig: die ondersteuning en krag wat kom van onvoorwaardelike liefde, aanmoediging en gebed.

GG Tchividjau



Lidorganisasies word daaraan herinner dat die eerste rondte aansoeke teen die einde van April 2008 verwag word. 'n Aansoekvorm is reeds aan die Lidorganisasies beskikbaar gestel.